

Dinsdag 2 November

Skrifgedeelte: Jesaja 2

Fokusgedeelte: Jesaja 2:5

God se genade ook vir ons is menslik onlogies

'n Mens waardeer nie altyd wat jy het nie. Volk is in die prediking van Jesaja ook kerk. Kerkvolk is verbondsvolk, deel van die verbond gemaak uit genade.

As ons dink aan “kerk” en besef dat dit, in die woorde van die geloofsbelydenis, gemeenskap van die heiliges is, kan mens in hierdie verhouding een van drie dinge doen:

- Ek bly binne hierdie verhouding en ek staan my plek vol.
- Ek word uit hierdie verhouding geruk deur iets of iemand van buite. Ek besef hierdie verlies en ek doen alles in my vermoë om terug te kom. Alternatiewelik is daar iets daar buite wat my terug dwing in die verhouding.
- Ek besluit om uit te gaan en is tevrede om al die voordele van die verhouding te verloor.

Jesaja 2 skets vir ons die volk wat die derde opsie gekies het: hulle gaan uit en dien ander gode en is maar tevrede daarmee. Natuurlik is God nie tevrede met hulle keuse nie, en daarom roep hy hulle terug na sy genade. Wat nog verder opvallend is, is dat die onlogiese gebeur met die volke wat nooit deel van hierdie verhouding was nie. Hulle sien die voordeel van die verhouding en tree in 'n verhouding met God, omdat hulle die nutteloosheid besef van hulle eie patetiese afgode.

Ons moet besef ons deel is van God se kerk uit genade. Ons is in die verbond gebore en grootgeword. God gee aan sy kind die verantwoordelikheid om in die verbond te bly en sy gawes daar aan te wend (Opsie 1). God gee aan ons wat in die verbond is, die verantwoordelikheid en ook die vryheid om keuses te maak. Ons kan Opsie 2 en 3 uitoefen. Van nature kies en doen ons Opsie 2. Dan tree Christus in en van buite af bring Hy ons terug na God en sy genade.

Kom ons dank God dat Hy, desondanks ons verkeerde keuses, steeds ons wil hê as sy volk, sy kinders.

Sing: Psalm 4-1:1, 3

Dr. HF van Wyk (Hennie) (Christiana/Bloemhof)